## 11 Februarie Matteus 15:10-20 (5:8)

### *Die ware Koninkryksburger: Hartsgemeenskap met God, geloofsoë wat "sien"*

Die woord "hart" in God se Woord dui op jou hele menswees, jou wese en persoonlikheid, waar al jou liggaamlike en geestelike lewensaktiwiteite hulle oorsprong het (Spreuke 24:3). Ook slegte lewensaktiwiteite kom uit die hart (Mark. 15:19). Jou "hart" is eintlik jyself - ek, soos ek dink en doen, en sê.

Die ware Koninkryksburger se hart is "rein", sê ons Here Jesus. 'n Rein hart is waarvoor die digter in Psalm 86:11 bid: Dat die HERE tog sy hart moet "verenig". Dit wil sê, dat God se Gees sy hart "eenvoudig" moet maak - 'n hart sonder voue, wat niks probeer toevou nie, 'n hart sonder skyn van heiligheid. Dit is 'n sondaarmens wie se hart gewas is deur die bloed en Gees van Jesus, die Gekruisigde. Hierdie begenadigde mens lewe in toegewyde hartsgemeenskap met God, laat hom of haar lei deur God se Gees vanuit God se Woord, wil nie met 'n verskuilde agenda voor sy naaste kom nie. Daarom beteken reinhartigheid voor God eintlik 'n stryd teen jou ou natuur; dit vra daaglikse bekering en ernstige gebede: "Vader in die hemel, neem tog al die plooie en voue uit my hart weg!"

Die saligheid van die Koninkryksburger is dat hy God sal sien. Trouens, sy toegewyde hartsgemeenskap met God het die gevolge dat sy geloofsoë oopgaan sodat hy God "sien" in sy skepping, "sien" in die verloop van die wêreldgeskiedenis. En eendag sal hy sy God sonder geloofsoë sien op die nuwe aarde (Op 22:4). As jy na jouself kyk, sien jy 'n mens in opregte, toegewyde gemeenskap met God? Het jy geloofsoë wat sien?

Sing: Psalm 18:12 Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)